

## Waarom is ek lid van die Vroue Landbou-Unie

### **WAT IS DIE SUID AFRIKAANSE VROUVE LANDBOU UNIE**

Die Suid-Afrikaanse Vroue Landbou Unie (SAVLU) is die nasionale samebindende organisasie van vroue organisasies wat 85 jaar gelede uit landbou ontstaan het. Dit is 'n tweetalige organisasie wat opvoedingsgeleenthede aan sy lede bied. Hierdie geleenthede stel hul in staat om hulself te verryk en te bemagtig sodat hulle in staat sal wees om doeltreffend deel te neem aan die landelike en algemene gemeenskapslewe en ontwikkeling daarvan.

Deur die jare het Suid-Afrikaanse vroue die voorskoot verruil vir beplanning rondom ekonomiese tydsbestuur, identifisering van behoeftes, bestuur van finansies, ekonomiese groei en ontwikkeling, alles in 'n geïntegreerde omgewing.

We have identified the needs of our members, and added value to what they already get from being part of SAWAU. SAWAU members enrich themselves through various fields of study, competitions, information sessions and fun events, and by learning new skills, becoming informed consumers, reaching out and making a difference to their communities and their environment, and making friends around the country and around the world. (*uit E-Blogue Nr 1 Junie 2016*)

Die visie van die SAVLU, waarvan ons deel is, word as volg verwoord:

Om d.m.v. kwaliteit programme en projekte lede toe te rus as tuisteskeppers en meelewende landsburgers, sodat hulle hul kennis en vaardighede sal ontwikkel tot voordeel van die gemeenskap en die land en dit aan ander sal oordra.

1. Die primêre doel van VLU is dus om lede op te hef en te verryk.
2. In die moderne, tegnologiese tyd waarin ons leef bied VLU 'n lid die geleentheid om oor landsgrense heen met ander wat dieselfde belangstellings het d.m.v. die internet te kommunikeer. Die nuwe E-Blogue digitale nuusbrief van SAVLU is tekenend hiervan. Op die manier word die VLU lid ook deel van die "global village" en kan sy haar vaardighede doeltreffend opskep.
3. Net enkele van die vaardighede wat lede deur VLU- aktiwiteite kan aanleer is:
  1. Kookkuns
  2. Gebak
  3. Breiwerk
  4. Hekelwerk
  5. Borduurwerk
  6. Handvlyt kursusse in onder andere mosaiek, kralewerk, pottebakery, macrame ens.  
Fotografie, Skryf- en skilderkuns maak nou ook deel uit van vaardighede wat aangeleer word
  7. Leierskap ontwikkeling
  8. Funksie beplanning
  9. Kommunikasie in die hedendaagse tyd d.m.v. die internet, webwerwe en ook sosiale media.
  10. En baie meer...

4. On lid te wees van 'n VLU- tak gee 'n persoon die geleentheid om 'n bydrae te lewer in die opbou van die tak en die gemeenskap.
5. Geleentheid word gebied om lewens- en geloofsbeginsels uit te leef en ook om selfvertroue te verbeter.
6. VLU bied aan lede 'n platform waar hulle hulle talente kan uitleef en ook kan kompeteer op tak, provinsiale en nasionale vlak.  
Gesonde deelname aan kompetisies bied die geleentheid om vaardigheid in die skep van huishoudelike artikels te verbeter. Nie- afbrekende kommentaar vorm deel van die groei proses.
7. Sinvolle vriendskappe word gesmee met taklede en ook lede van ander takke en areas.
8. VLU -lede strewe na liefdevolle samewerking en uitbrei van kennis.
9. VLU is nie 'n Welsynsorganisasie nie, maar reik tog uit na persone in nood in eie gemeenskap.  
Hierdie uitreik-aksies kan verskeie vorms aanneem maar is altyd vrywillig en nie deel van VLU se doelstellings nie.  
Fondse wat vir uitreik-aksies ingesamel word, word ook nooit vir tak-aangeleenthede gebruik nie, maar slegs vir die spesifieke doel wat gestel is.

Elsa Brits